

Mediaverklaring

Ervare skoolhoofde bestuur hul tyd meer effektief

2019-06-04

Skoolhoofde aan Afrikaanse skole bestee die meeste van hul tyd aan administrasie, buitemuurse aktiwiteite en dissiplinerings van leerlinge. Dit wil egter voorkom of hoofde met meer as 15 jaar ervaring hul tyd meer effektief bestee as hul minder ervare kollegas.

Dit is etlike van die bevindings wat gemaak is na aanleiding van navorsing wat die Skoleondersteuningsentrum (SOS) vanjaar onder skoolhoofde gedoen het. Dié navorsing is tydens die SOS se leierskapseminaar in Centurion bekendgestel, wat deur sowat 153 skoolhoofde -en beheerliggaamslede van reg oor die land bygewoon is.

Inligting is ingesamel deur 'n vraelys aan skole te stuur. 65 skoolhoofde aan Afrikaanse en parallelmediumskole van regoor die land het die vraelys voltooi. Hul sekretaresse moes dieselfde vrae onafhanklik beantwoord.

“Vanuit die inligting blyk dit dat skoolhoofde in Afrikaanse skole lang ure werk en baie verantwoordelikhede het. Daar word egter gereeld van skoolhoofde verwag om betrokke te wees by take wat nie tot voordeel van die skool is nie,” sê dr. Danie Brink, besturende direkteur van die SOS.

Hoofde werk gemiddeld amper 10 ure 'n dag. Die grootste groep skoolhoofde (42%) werk tussen 9 en 10 ure per dag en meer as 'n derde van hoofde (37%) werk meer as 10 ure elke weekdag. Slegs 4% van skoolhoofde werk 7 tot 8 ure per dag.

Brink sê die hoeveelheid tyd wat skoolhoofde aan roetine kommunikasie en administrasie afstaan, is kommerwekkend. Net minder as die helfte (48%) van skoolhoofde het aangedui dat administratiewe take en e-posse die meeste van hul tyd in beslag neem. Volgens hoofde se sekretaresse spandeer tussen 80% en 90% van hoofde daaglikse tyd aan e-posse en ander administratiewe take. Slegs 2% spandeer byna nooit tyd hieraan nie. Ervare hoofde spandeer wel tot 20% minder tyd aan administratiewe take, as onervare skoolhoofde.

Die skoolhoof speel ook 'n kardinale rol in die handhawing van dissipline in die skool. In 53% van gevalle is die hoof daaglikse betrokke by die dissiplinerings van leerders. 'n Verdere 23% is weeklikse betrokke, terwyl 2% op 'n twee-weeklikse basis betrokke is. Minder as 'n kwart (22%) van skoolhoofde is baie selde betrokke by dissipline.

Een uit elke vyf ervare hoofde (20%) hanteer net 'n paar keer 'n jaar dissiplinêre sake, terwyl minder as 5% van onervare hoofde dit regkry om slegs 'n paar keer per jaar by die dissiplinerings van leerders betrokke te wees.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

Die sigbaarheid van die skoolhoof in sy amptelike hoedanigheid, sowel as aanbieder van buitemuurse aktiwiteite, 'n taak wat ook baie tyd in beslag neem. “Die skoolhoof se betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite maak geweldig inbraak op hulle skedule en moet, waar moontlik, afgeskaal word,” sê Brink. 'n Drie-kwart (75%) van skoolhoofde ondersteun skoolaktiwiteite ten minste een maal per week, terwyl 83% van skoolhoofde self betrokke is by die aanbieder van buitemuurse aktiwiteite.

“Hoewel daar toenemend druk op skoolhoofde is om betrokke te wees by buitemuurse aktiwiteite is dit nie noodwendig ten bate van die skool as die hoof alle aktiwiteite ondersteun nie,” sê Brink. “Hierdie tyd moet eerder aangewend word aan ander, meer doeltreffende aktiwiteite.”

Skoolhoofde spandeer ook minder tyd aan professionele ontwikkeling as wat hulle self sou wou. Amper 'n derde van hoofde (32%) spandeer 'n gemiddelde hoeveelheid tyd aan professionele ontwikkeling. Slegs 6% bestee baie tyd daaraan. “Professionele ontwikkeling van 'n skoolhoof is van kardinale belang vir die groei van enige skool en skoolhoofde moet met gemak meer tyd hieraan kan spandeer,” sê Brink.

Ervare hoofde spandeer wel meer tyd aan professionele ontwikkeling. Die helfte van ervare hoofde wat deelgeneem het aan die studie (50%) woon maandeliks opleidingsgeleenthede by, teenoor 44% van onervare skoolhoofde.

Wat wel verblydend is, is die hoeveelheid tyd wat hoofde aan hul personeel wei.

Byna al die skoolhoofde (95%) glo dat hulle proaktief moet wees in die hantering van personeel, eerder as om te wag vir personeel om na hulle te kom. 79% van skoolhoofde is van mening dat hulle hul kennis met hulle personeel moet deel. Die meerderheid van skoolhoofde (80%) voel ook dit is belangrik dat hulle opvolg oor personeelsake.

Volgens hoofde én hul sekretaresses hanteer 94% van skoolhoofde personeelsake op 'n daaglikse basis en is dit ook die taak waaraan skoolhoofde besonders baie tyd bestee.

“Die feit dat skoolhoofde die meeste tyd aan personeelsake spandeer bevestig die onderwyskenner Todd Whitaker se siening dat suksesvolle skoolhoofde hulle personeel eerste plaas,” sê Brink.

Hier is vyf wenke vanaf ervare skoolhoofde aan hul kollegas:

- Die nuwe skoolhoof moet homself tyd gee om aanvaar te word en volhou met sy werk. Verandering in bestaande werkende sisteme is soms vir onderwysers moeilik om te aanvaar en kan skoolgemeenskappe en selfs die personeel aanvanklik baie krities wees van 'n nuwe skoolhoof.
- Om 'n skoolhoof te wees moet 'n roeping wees en nie net 'n beroep nie. Werksbevrediging van elke personeelid, sowel as die skoolhoof verseker die sukses van die skool.
- Behou altyd perspektief en moenie in die strik trap om te kompeteer met jou buurskool nie.
- Fokus op kernwaardes en identiteit van die skool. Geen skool kan alles vir almal wees nie. Werk eerder aan 'n pakket wat inpas by jou skool se visie.
- Kies personeel met integriteit en passie en bestee baie tyd aan hulle. Dit is 'n hoof se taak om sy personeelkorps positief en gemotiveerd te hou. Die skoolhoof moet meer luister en minder praat sodat hy werklik sy personeel se harte kan verstaan.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

